

## 3 Mei - GRENSE

**Skrifgedeelte: Markus 1:40-45**

**Fokusgedeelte: Markus 1:41**

**O**ns Here Jesus het Hom gedurende sy menselewe nooit aan grense gesteur nie. Hy loop op water, gesels met 'n bastervrou by 'n put, skop skynheiliges se stalletjies in die tempel onderstebo, en raak aan 'n melaatse. Omdat Hy hom *uit sy ingewande jammer gekry het* (so beduie die Griekse woord).

Melaatsheid in Bybelse tyd is nie dieselfde siekte as wat ons vandag ken as leprose nie. Dié woord uit die Middeleeue het in Jesus se tyd nog na verskeie verwante velkwale verwys. Aansteklik, gevrees, omdat niemand geweet het hoe om dit te behandel nie. Daarom het die Here deur Moses vaste voorskrifte vir sy volk gegee – lyers moes hulle afsonder en weekliks aan die priester vertoon, totdat hulle gesond geword of gesterf het (Lev 13, 14). Mense het hulle selfs met klippe gegooi wanneer hulle naby durf kom!

Jesus vat aan hierdie melaatse en hy is onmiddellik gesond. Mens onthou onwillekeurig hoe wyle prinses Diana van Brittanje onverskrokke aan MIV-pasiënte geraak het, toe ons nog gemeen het dit is aansteeklik ...

Elke wonder van Jesus is 'n teken van Homself: dat Hy oor sy eie natuurwette heers (Matt 8:23-27), siektes wegneem (Matt 8 en 9), soos brood geestelik versadig (Joh 6), die dood oorwin (Joh 11). Hy deins nie terug vir u skande en skade nie, wyk nie voor u verslawing nie, huiwer nie vir u verterende wroeging oor verkeerde keuses nie. Hy kry u uit sy ingewande jammer, dis sy aard as Messias.

Die vraag is net: Het u al regtig hulpeloos na Hom geroep?

*Sing: Psalm 59:1, 2 (2de melodie, beryming JD du Toit)*

*Ds J Botha (Laeveld)*